

# St. Jan Berchmans

## 26 November

(1599-1621)

Hierdie Jesuïet word aangeroep as een van die beskermheiliges van altaardienaars en het in sy kort lewe van 22 jaar ’n diep indruk gemaak op almal met wie hy in kontak gekom het. Hy is in die stadjie Diest (in moderne België) gebore as die oudste seun van ’n skoenmaker. Hy studeer aan die Jesuïete kollege in Mechelen en word in 1615 na Rome gestuur as deel van sy opleiding om by die Jesuïete-orde aan te sluit. Hy lei ’n diep en intense gebedslewe en was veral getrou aan die Leefreël van die Jesuïete. Ná sy dood is talle wonderwerke aangeteken wat op sy voorspraak gebeur het.

© Die Oratorium Uitgewery